CAUSE FOR JUSTICE

**TEL:** +27 (0)74 355 0775
**FAX:** +27 (0)86 725 0837
**EMAIL:** INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
**POSTAL ADDRESS:** P. O. BOX 12622, DIE BOORD, 7613, SOUTH AFRICA
**WEBSITE:** WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG

**MEDIA-VERKLARING**

**HOFSAAK: "Geloof in Publieke Skole"**

**O-G-O-D v 6 publieke skole, Minister van Basiese Onderrig, Minister van Justisie en Korrektiewe Diense (Cause for Justice en andere as amici curiae)**

Op 28 Februarie 2017 het Cause for Justice ('CFJ') sy finale hof-dokumente by die Johannesburg Hooggeregshof ingedien. CFJ tree op as 'n "vriend van die hof" (amicus curiae party) in hierdie aangeleentheid, om sodoende die hof by te staan in die interpretasie en toepassing van grondwetlike regte en waardes wat hierin tersake is. Hierdie saak is 'n waterskeiding vir geloofsvryheid in Suid-Afrika en sal heel waarskynlik in die Grondwetlike Hof draai.

Die Applikant, "Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie" het regsstappe ingestel teen ses publieke skole weens geloofs-uitoefening wat by hierdie skole plaasvind. Die Applikant vra as 't ware die hof om 'n bevel te maak wat alle geloofsbeoefening in hierdie ses skole vewyder en verban. Die skole wat aangeval word onderhou interessant genoeg, almal 'n Christen etos/waardesisteem as basis om 'n florerende skool-omgewing daar te stel.

CFJ se hoof-argumente in hierdie saak is daarop gebaseer dat

- geloofs-onderrig en die insluiting van sekere geloofspraktyke grondwetlik gegrond is;
- geloofsuitdrukking in skole neerkom op uitdrukking wat integraal is tot menswaardigheidsregte;
- verdraagsaamheid vir diversiteit bevorder word wanneer geloofsuitdrukking en -onderrig deel vorm van leerders se ondervinding in skole;
- leerders word voorberei vir vreedsame interaksie met mede-burgers wat beide dieselfde, asook verskillende geloofsieninge as hul eie het, wanneer hulle blootgestel word aan geloofsuitdrukking en -onderrig binne die skoolstelsel.

Met die maak van hierdie voorleggings, steun CFJ op die grondwetlike en statutêre konteks, sowel as buitelandse en internasionale reg. Die organisasie argumenteer ten gunste van 'n stelsel wat diverse geloofspraktyke en -sieninge verwelkom, en teen 'n stelsel wat in wese sekulêr is en alle ander sieninge, behalwe agnostisisme of ateïsme, in 'n skool ontken.

Die reg op vryheid van geloof, en die erkenning dat geloofspraktyke by staat en staat-ondersteunde instellings mag plaasvind, moet ge-evalueer word in die grondwetlike konteks as 'n geheel. Die Suid-Afrikaanse grondwetlike stelsel maak voorsiening vir die staat om 'n verskeidenheid godsdienstige en nie-godsdienstige sieninge regverdig en billik te ondersteun.

Die Skolewet (artikel 7) bepaal dat, onderhewig aan die Grondwet en toepaslike provinsiale wetgewing, geloofs-beoefening by 'n publieke skool mag plaasvind, onderhewig aan reëls wat deur die Skool Beheerliggaam (SBL) bepaal word, indien sodanige beoefening op 'n billike basis uitgevoer word en bywoning daarvan deur leerders en personeel vrywillig is. Volgens artikel 20(1)(b), moet die SBL a missie-stelling aanneem (insluitend die skool-etos) vir die skool wat hulle bedien.

**MANAGEMENT COMMITTEE MEMBERS:** **RYAN SMIT**, GENERAL MANAGER | **WYNAND VILJOEN**, CHAIRPERSON
**CRAIG SNYDERS**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | **DIETER VON FINTEL**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148

Die Nasionale Beleid op Godsdiens en Onderrig, 2003, verklaar dat dit 'n samewerkende model tussen geloof en die staat onderhou deur grondwetlike onpartydigheid in die formele aktiwiteite van die skool te handhaaf, maar ondersteun vrywillige interaksie wat daarbuite val.

In hierdie saak kan dit nie geïgnoreer word dat SBL'e godsdienstige beleide aanneem wat deur die relevante Departement van Onderwys aanvaar word, in ooreenstemming met die Skolewet en /of provinsiale wetgewing (waar sodanige wetgewing in plek is) nie. Tensy die skool-beleide sèlf uitgedaag word, as gevolg van nie-nakoming van die wetgewing waaronder dit uitgereik is, of omdat die wetgewing waaronder dit uitgereik is uitgedaag word as gevolg van ongrondwetlikheid, is dit nie vir die Applikant om die ***praktyke en beoefeninge*** direk uit te daag nie. Dit is ontoelaatbaar in terme van die beginsel van subsidiêriteit.

CFJ oorweeg ook buitelandse reg in sy voorleggings, meer spesifiek, VSA, Nigerië, Duitsland, België en Nederland, sowel as internasionale reg instrumente as outoriteit. Dit is grondwetlik vanpas om 'n posisie van staatsneutraliteit teenoor geloof in te neem wat soortgelyk is aan die situasie in België en Nederland waar die Staat alle gelowe mag ondersteun, in teenstelling met 'n posisie waar die Staat verhoed word om enige godsdienstige uitdrukking te ondersteun. Die goue draad wat deur die internasionale reg loop is dat voorsiening gemaak mag word vir godsdiensonderrig, solank as wat daar 'n "opt-out" klousule of alternatief vir leerders is wie 'n beswaar het daarteen.

Die Nasionale Godsdiens Beleid steun ook 'n samewerkende model. Dit is daarom volkome geregverdig onder die Suid-Afrikaanse grondwetlike bestel vir die staat om skole waar die SBL'e 'n sekulêre etos aanneem, sowel as die skole waar 'n sekere godsdienstige etos aangeneem word, te ondersteun. Gegewe die feit dat die SBL'e die belange van die gemeenskap wat dit bedien in die breë verteenwoordig, is hulle by magte om godsdiens-beleid en etos te bepaal en sal dit onvanpas wees vir die hof om in te meng in hul beleidsbesluite in die afwesigheid van 'n duidelike basis vir inmenging.

CFJ voer aan dat die enigste basis waarop daar inmenging met, of beperking van godsdienstige praktyke mag wees, is gevalle waar leed aan ander aangedoen word.

CFJ aanvaar wel dat om geloof in skole toe te laat op 'n wyse wat verseker dat die waardigheid en oortuigings van almal betrokke gerespekteer word, by tye nie 'n maklike taak mag wees nie. Maar die antwoord is nie om geloof eenkant toe te gooi nie - en daarmee saam die verrykende rol wat godsdienstige en nie-godsdienstige oortuigings en praktyke binne die skool omgewing speel.

**Die hofsaak word op 15 - 17 Mei 2017 in the Johannesburg Hooggeregshof aangehoor.**

Om ons Betoogshoofde te besigtig, volg die volgende skakel: http://causeforjustice.org/newsitev2/wp-content/uploads/2017/02/28FEB2017_HOA_final.pdf.

Vir meer inligting oor die organisasie, bv. CFJ se visie, missie en 'n kort oorsig oor Suid-Afrika se eerste genadedood hofstryd en ons betrokkenheid daarby, besoek gerus ons webtuiste by http://causeforjustice.org/.

Vir navrae, kontak CFJ by:

Epos adres: info@causeforjustice.org
Telefoonnommer: 074 355 0775

Vriendelik die uwe,

**M Davin**
**Regsadministrateur en Media Skakel**
***Gestuur namens* Cause for Justice: Bestuurskomitee**